

Hoofstuk V.Mislukte Pogings om die C.N.O.-beginsels toegepas te kry. 1922 - 1948.1. POGINGS VANAF 1922 TOT BY DIE „FOX“-VERSLAG, 1936.a. Onmiddellike Reaksies.

By die Engelse publiek het die C.N.O.-beweging in Rhodesië oor die algemeen baie argwaan teenoor die Afrikaner laat ontstaan. Hulle het gevoel dat die kinders in die „Dutch School“ besig was om weg te breek van die B.S.A.Co. soos hulle reeds twintig jare tevore in Transvaal in die Kaapkolonie gedoen het. „It is extremely doubtful if they are taught to love the B.S.A.Co.“<sup>1)</sup> het een koerant opgemerk. Daar is hewig te velde getrek teen enige propaganda wat deur die Afrikaners in die Unie gebruik was, en ook die Direkteur van Onderwys het daaroor sy misnoeë te kenne gegee.<sup>2)</sup> Die „Burger“ onder andere is beskuldig as 'n „scurrilous rag“<sup>3)</sup> en sy ondersteuners is met uitdelging bedreig. Daar was verder die vrees dat tweetaligheid ook in Rhodesië sy inslag sou vind en dit was een van die vernaamste argumente wat gebesig is toe in die „sterfjaar“ van die C.N.O. in Rhodesië, 'n referendum gehou is of Rhodesië by die Unie sou ingelyf word of nie. „Bilingualism is a necessary evil in the Union.....such a system is expensive and a great drawback. In Rhodesia there is no necessity whatever for us to adopt the system. We can get along perfectly well without it.“<sup>4)</sup>

Hierdie referendum van 1922 het ook die einde beteken van enige kanse op inlywing by die Unie, en daarmee is Rhodes se groot ideaal van 'n verenigde Afrika tydelik vernietig. Dit het terselfdertyd die uitsluiting van Afrikaners wat arm was, uit die gebied wat op 12 September 1923 offisieel deur Groot Brittanje geannekseer is, beoog. „The very great dangers which arise from

the creation or admission of a class of poor whites must appal any thinking men. The idea of a swarm of these poor unfortunate creatures coming into Rhodesia and multiplying here with frightful rapidity in SPITE of the ravages of malaria and blackwater, is dreadful to contemplate...." „Stringent and pitiless local enactments allowing to deal severely with all whites who did not maintain a certain standard of living," is bepleit. <sup>1)</sup> Dit was duidelik dat Rhodesië vir die blanke arm Afrikaner geen tuiste sou bied nie.

Daar kon dus verwag word dat enige toegewings wat voor die Referendum gedoen is, soos byvoorbeeld met die C.N.O.-kommissie, in 'n nuwe lig gesien en vertolk sou moes word na die uitslag waarin nietemin vyf uit elke dertien persone hulle ten gunste van samewerking met die Unie verklaar het. Daar kan aangeneem word dat die meeste Afrikaners vir inlywing by die Unie was en dat die C.N.O.-beweging een van die middels was wat daardie gevoel aangewakker het.

Na 1924 was dit vir die Afrikaners gladnie seker hoe hulle sou behandel word nie. Alle bande met die Unie behalwe 'n handelsooreenkoms is verbreek, en waar hulle voorheen hul nog kon beroep op die gesindheid wat oorspronklik deur die leier van die B.S.A.Cc. geopenbaar is om naamlik Afrikaners 'n gelyke kans met die Engelse in die land te gee, daar was hulle nou onderworpe aan die wisselvallige beleid van 'n regering wat hulself afsydig teenoor die Unie verklaar het en veral teenoor die Afrikaners uit die Unie.

Vier jaar voor die afskeiding het die Ring van Bulawayo egter as 'n onafhanklike Ring van die N.G. Kerk van Rhodesië ontstaan en dit het die voordeel gehad dat dié Ring alreeds sy vuurproef deurstaan het toe Verantwoordelike Bestuur aan Rhodesië toegeken is, en dat die Kerk met gesag kon praat ten opsigte van die belange van die N.G.lidmate.

1) Sui Juris: a.w. 14.

Aanvanklik het die rapporte wat uit die verskillende gemeentes gekom het, dan ook tevredenheid met die nuwe reëlins wat die Departement ten opsigte van die onderwys getref het, weerspieël. Melsetter se N.G.kerkraad is toegelaat om drie lede in die "Advisory Board" van daardie distrik te hê,<sup>1)</sup> terwyl eerw. Liebenberg in die Advisory Board van Enkeldoorn sitting gehad het. Melsetter het dit egter betreur dat die C.N.O.-skole ooit as staatskole ingelyf moes word, want dit was aan dié skole te danke dat die mense getrou gebly het aan die kerk, volk en taal. Die inwoners het gehoop dat die C.N.O.-skole sou ontwikkel in groot kerskole wat deur die staat gesubsidieer kon word, maar was tog dankbaar vir die vrugte wat afgewerp is. "Immers ons mense het selfrespek gekry, en die Regering is vandag meer toegewend wat betref ons regte as ooit te vore," het die verslag gelui.<sup>2)</sup> In drie van die vier skole het daar nog C.N.Onderwysers skoolgehou, en die Departement het Afrikaans en Engels gelykop laat onderrig en waar dit wenslik was, is die onderwysers ook toegelaat om deur medium Afrikaans les te gee.

In Bulawayo was teen 1924 byna al die kinders op skool. Die leraar het self op 'n paar plekke "plaasskole" of "goewermentskole" gestig, en ook die onderwysers aangestel wat deur die Regering besoldig is. Op die buiteskole was daar dus feitlik net Afrikaanse kinders. So 'n reëling was seker van die beste wat verlang kon word, want die kerk het daarmee sy verantwoordelijkheid teenoor die onderwys en volk op 'n baie besliste wyse aanvaar, en het verseker dat die belange van die Afrikaanse kind behartig sou word. Al het dit te veel mag gelaat in die hande van die leraar en te min in die hande van die ouer, is daarmee 'n presedent geskep wat, as dit maar gehandhaaf was, vir die Afrikaner groot tevredenheid sou verskaf het.<sup>3)</sup>

1) Verslag: N.G.Gemoente Melsetter, Staat van Onderwys, 1922-1923.

2) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Melsetter, 1922-1923.

3) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Bulawayo, 1923.

Enkeldoorn het ook 'n bekwame dame op die dorp gehad wat Afrikaans kon doseer,<sup>1)</sup> en die populariteit van Afrikaans het toegeneem sodat baie Engelse kinders ook die „Taal“ begin leer het. Daar is gevoel dat die standaard op die plattelandse skole wat Afrikaans betref, verhoog moes word, maar verder was die inwoners skynbaar tevrede.<sup>2)</sup>

In Salisbury en Umtali was daar op die dopre fasiliteite vir die leer van Afrikaans maar op die platteland het dit gladnie goed gegaan nie. Ook op Lusaka was daar „knappe Afrikaners“ volgens die verslag van 1925, maar elders in die Noordelike provinsie is daar nog geen voorsiening gemaak vir Afrikaans nie. Die kinders wat in die Belgiese Kongo gebly het, het daar net die Roomse skole gehad om te besoek, en daarom het die leraar gepleit dat plaasskole opgerig moes word orals langs die spoor om die Afrikaanse kind te behou. Sentralisasie was geen oplossing nie, want die ouer sou nie vir die losies van die kind kon betaal nie,<sup>3)</sup> want daar was nog geen Onderwysdepartement wat die belange van die ouers kon behartig, soos in Suid-Rhodesië die geval was nie.<sup>4)</sup>

Daar moet dan ook erken word dat die Departement besonder tegemoetkomend was teenoor die behoeftige kind, in Suid-Rhodesië veral, en dat waar ouers nie skoolgeld of losies kon betaal nie, daar het die Departement kwytskelding gegee.<sup>5)</sup> Daar was dus wel 'n eerlike poging by die Departement om onderwys aan soveel kinders moontlik te verskaf, afgesien daarvan natuurlik of die onderwys nou altyd volgens die geloofsbelydenis van die ouers was.

Die Ring van Bulawayo waar die verskillende verslae van die gemeentes bestudeer is, het nietemin.

1) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Enkeldoorn, 1922-1925.

2) Idem.

3) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk, Lusaka, 1925.

4) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk, Lusaka, 1925.  
Vgl. Notule Ring van Bulawayo, 181.

5) Verslag: N.G.Kerk, Enkeldoorns, Bulawayo, 1925, 1926.

gevoel dat die stryd om die regte van die Afrikaanse kind op skool veral met betrekking tot die taal nog glad nie beëindig was nie,<sup>1)</sup> en dat in die omstandighede veel verkry kon word in belang van die saak, as daar by 'n regeringsverandering daadwerklik opgetree kon word. Daarom is op die Ringsvergadering van 1923 'n "Waaksaamheidskomitee" benoem om die belange van ons kerk en volk, ons godsdiens en taal soveel moontlik en oral waar moontlik te behartig."<sup>2)</sup> Hierdie komitee het eerstens die noodsaaklikheid van 'n grondige industriële opleiding vir Afrikanerseuns besef en met die doel voor oë 'n "Rings-Jongelingsfonds" in die lewe geroep. In die tweede plek het die toestand van die skooltjies op die platteland die aandag van die komitee gevestig waar daar volgens 'n rapport "gedurende die afgelope twintig jaar feitlik geen vordering gemaak is nie. Leerlingonderwyseresse wat standerd VI of VII afgelê het, word as onderwyseresse aangestel. Op dié manier word daar met die opvoeding van ons kinders gespeel."<sup>3)</sup> Ook hier moet erken word, dat as die kinders niemand gehad het om hulle in 'n skool bymekaar te hou nie - al het die sogenaamde "pupil-teacher" nie die minste benul van onderwys gehad nie, daar gevaar bestaan het dat hulle uitmekaar sou spat en dat met die opening van die skool baie van hulle soveel belangstelling verloor het, dat hulle glad nie weer van die fasiliteite gebruik sou maak nie. Daar was eenvoudig nie onderwysers beskikbaar nie, trots die feit dat die Departement hulle uit Engeland probeer kry het.<sup>4)</sup> Omdat die Departement besef het dat die meeste kinders op die platteland Afrikaans was, is bepaal dat alle studente aan die Opleidingskollege te Bulawayo "working knowledge of Afrikaans" daar moes opdoen. Immers was dit ook broodnodig, want volgens die statistieke van 1921 was daar 74 per-sent van die Afrikaanse bevolking op die platteland, en van die wat nie Engels in die land magtig was nie, was

1) Notule: Ring van Bulawayo, (1922) 88.

2) Notule: Ring van Bulawayo, 1923.

3) Verslag: Staat van Onderwys, N.G. Kerk Enkeldoorn, 1925

4) Report: Director of Education, 1920.

daar 83 per-sent. op die platteland woonagtig. Met uitsondering van die N.G.Kerk het die meeste lede van die kerke in die dorpe gewoon.<sup>1)</sup>

b. Deputasies van die Kerk, 1933.

Godurende die twintiger jare het die Departement met 'n uitgebreide bouprogram begin om die onderwys sover moontlik te sentraliseer.<sup>2)</sup> Die N.G.Kerk het terselfdertyd ook geboel dat onderwysfasiliteite vir die Afrikaanse kind vermeerder moes word en op die Ringsvergaderinge van 1926 en 1927 is die moontlikhede van losiesinrigtings vir Afrikaanse kinders op Lusaka en ook to Daisyfield bespreek. Ook die Belgiese Kongo het weens die ontwikkeling van Noord-Rhodesië op kerklik gebied die aandag van die Ring geniet, wat in 1927 besluit het dat 'n saaltjie daar gebou moes word. Maar daardie jare vanaf 1925-29 was vir die Kerk so vol ander gebeure dat die onderwys tydelik nie die aandag gekry het wat in die vorige jare daaraan bestee is nie.

Daar was byvoorbeeld die pogings van die Hervormde Kerk om in Rhodesië tot stand te kom,<sup>3)</sup> iets wat eers na die besoek van Ds. P.W.Innes in 1925 en J.G.M.Dreyer in 1927 geslaag het.<sup>4)</sup> Daar was verder die jare van armoede wat die gemeentes genoop het om die hulp van die Vrystaatse Kerk in te roep, en daarna die angstige periode waarin op die finale besluite van die Sinodes gewag moes word.<sup>5)</sup> Toe die inlywing by die Vrystaatse Kerk eindelik bekragtig is en die „Algemene Sinodale Kommissie die Ring van Bulawayo in 1929 aangespoor het om getrou te bly aan die „godsdienst en sedes van ons voorouers en te volhard in die stryd om ons taal,<sup>6)</sup> het 'n nuwe selfvertroue by die kerk begin ontwikkel. Die N.G.Kerk het in 1929 Regspersoonlikheid in Rhodesië verkry en kon daarna weer sy aandag in alle erns aan die onder-

1) Sensus-Verslag. Southern Rhodesia, 1921.

2) Hoofstuk 11.

3) Notule: Ring van Bulawayo, 123.

4) Notule: Ring van Bulawayo, 1927, Handeling Sinodale Kommissie, 1927.

5) Handeling: Algemene Sinodale Kommissie, 1929. Hoofstuk 1

wys gewy. Dit het vir kerk duidelik geword dat daar 'n groot agterstand was om in te haal veral wat verteenwoordiging in die Opvoedingskommissie, die "Advisory Boards" betref. Byna al die ander kerke byvoorbeeld in Salisbury was daarin verteenwoordig, net nie die N.G. Kerk nie.<sup>1)</sup> Indien daar 'n verteenwoordiger van die N.G. Kerk in was, "was die weg oop vir ons samelewing om ons stem te laat hoor."<sup>2)</sup>

Ter verdere aansporing van die Kerk om nie tevrede te bly met 'n stelsel van onderwys waar, soos uit die onderwysrapporte aan die Ring van Bulawayo geblyk het, die Afrikaanse kinders as minderwaardiges opgevoed sal word nie,<sup>3)</sup> het daar in 1929 die verslag van die "Tate Commission" verskyn,<sup>4)</sup> wat landswye bespreking uitgelok het. Daarin het die Afrikaanse kind van die platteland weer 'n besondere geleentheid gesien om verdere opleiding te geniet aan die Matopos-Landbouskool wat gedreig het om dood te loop, juis omdat dit gelyk het asof die meeste kinders daar armes en, hoewel dit nie gemeld is nie, plattelandse Afrikanerseuns was.

Die "Tate Commission" het verder aanbeveel dat daar benewens die "Goewerment"-skool, ook 'n "korrespondensie"-kursus ingestel word vir die laerskool-standerds sodat ouers wat bevoegd was, self hulle kinders kon onderwys, 'n toegewing waarvan Afrikaanse moeders geredelik gebruik gemaak het.<sup>5)</sup> Maar dit was veral 'n voorstel dat daar baie meer samewerking moet wees tussen die Unie en Rhodesië en tussen die verskillende liggame wat verantwoordelik was vir die onderwys, wat die Afrikaanse kerk en ouers hul pligte duideliker laat besef het. "Parental and public interest are essential to bring out the best in a school or a system of schools....It must be realised that the progress of education depends in the long run on the existence of a belief in its importance sufficiently strong to induce men and women, individually

1) Notule: N.G.Kerk, Salisbury, 23.12.1926.

2) Idem. 15.10.1927.

3) Notule: Ring van Bulawayo, 1926. 142.

4) Hoofstuk 11.

5) Tate Report: Section 86.

as parents and collectively as citizens, to make sacrifices in order to promote it (Hadow Report 1926). This being so, no progressive Education Department can afford to neglect opportunities to ensure parental and public co-operation."<sup>1)</sup>

By die groot aantal kinders wat die skool na Vorm 11 verlaat het omdat die skool nie die kind se belangstelling kon hou nie,<sup>2)</sup> was ongetwyfeld 90 persent van die Afrikaanssprekende kinders ingesluit. As in aanmerking geneem word dat 676 leerlinge in 1923 na die Middelebare skool gegaan het, en dat in 1928 slegs 62 van hulle die matrikulasie geskryf het, en dat van die 62 net omtrent die helfte geslaag het, was dit glad nie verbasend dat daar net 'n paar Afrikaanse leerlinge was, wat die universiteit eindelijk bereik het nie.<sup>3)</sup> Wanneer daar net 3 of 4 leerlinge uit 'n kwart van die bevolking in die matrikulasie eksamen kon slaag,<sup>4)</sup> en soos die Ring van Bulawayo in 1926 verklaar het, die Afrikaners as minderwaardiges opgevoed word, was dit seker dat so'n volksdeel hom nie kon handhaaf nie. Om die eksamene uit te bestry, is die Junior Sertifikaat (Kaapse) wel in 1928 afgeskaf, maar is die kinders deur 'n "Qualifying Test" aan die einde van std.V getoets. Hierdie toets was nie sonder sy gevare vir die Afrikaanse kind nie, maar daar kon nie dadelik beswaar gemaak word nie, omdat baie van die aanbevelinge van die Tate Commission nie weens die depressiejare uitgevoer kon word nie.

In 1930 het die Parlement egter die skoolbywoning tussen 7 en 15 jaar verpligtend gemaak sodat dit enersyds veroorsaak het dat alle Afrikaanse kinders wel onderwys ontvang het, maar andersyds dat hulle gekoppel was aan 'n stelsel wat nie die beste in hulle na vore kon bring nie, omdat die gebruik van hul moedertaal hul ontsê is, en Engels nog die enigste medium was. Die

1) Tate Report 1929, Section 30, 33.

2) Vgl. Report of Director of Education; 1928, Educational Statistics.

3) Vgl. Report of Director of Education; 1928, Educational Statistics.

4) Vgl. Hoofstuk VIII.



verpligte onderwys het weer meegebring dat akkommodasie op sommige plekke, veral op die platteland waar die behoefte aan losiesinrigtings die grootste was, nie toereikend was nie. Daarom het die N.G.Kerk van Melsetter in 1930 'n afvaardiging na die Departement van Onderwys gestuur om te pleit om die aanbou van 'n groter skool-<sup>1)</sup>saal te Tandaai. Die feit dat die kerk oor die hoofde van die Advisory Board gegaan het, dien slegs tot bewys van hoeveel waarde aan die optrede van die "Board" geheg is. Van sy kant het die kerk in 1932 besluit om ook te Tandaai, soos te Chipinga<sup>2)</sup> die Kerk se skoolterrein en geboue, aan die regering oor te maak, op voorwaarde dat dit nog vir kerkdoeleindes (soos dienste,) beskikbaar<sup>3)</sup> sou wees.

Nadat die Afrikaanse taal byna tien jaar kans gehad het om hom in te burger in die land, en die Afrikaanse ouer duideliker besef het wat van hom met betrekking tot die onderwys verlang is, was daar 'n algemene gevoel dat die tyd aangebreek het vir meer erkenning van dié taal en die opvoeding van die Afrikaanse kind, veral wat betref die inspeksie van Afrikaans en die voertaalvraagstuk by die aanvangsonderwys.

Dat Afrikaans wel in sommige buitestedistrikte gebesig is, is nie ontken nie, dog so onbevredigend was die toestand dat, aangesien dit 'n onomstootelike feit is dat 'n skreiende onreg enige kind aangedoen word om hom te forseer om sy opvoeding met 'n vreemde taal te begin,<sup>4)</sup> die Ringsvergadering in 1933 voorgestel het dat by die Departement aangedring moes word om die Afrikaanse kind 'n "billike kans te gee om 'n behoorlike opvoeding vir sy toekoms te geniet, en langs die weg ook die Engelse taal beter magtig te word."<sup>5)</sup>

'n Deputasie<sup>6)</sup> bestaande uit ds. J.G.Strydom die sendingsekreteraris van die N.G.Kerk van die Vrystaat,

1) Notule: N.G.Kerk Melsetter, 1.10.1932.

2) Notule: N.G.Kerk Melsetter, 16.12.1922.

3) Notule: N.G.Kerk Melsetter, 1.10.1932.

4) Idem.

4) Notule: Ring van Bulawayo, 1932.

6) Vgl. Notule: Ring van Bulawayo, 293, ev.

ds. J.J.Schoeman, eerw. T.C.B.Vlok, proponent J.H. van Wyk, het in Junie 1933 die Minister en die Direkteur van Onderwys te Salisbury in dié verband gaan spreek. Die regverdiging vir 'n afgevaardigde van die Vrystaatse Kerk om ook as woordvoerder in die belangrike saak op te tree, moet gesoek word in die feit dat die Vrystaat die "woog" van die Rhodesiese gemeentes was en in daardie provinsie 'n stelsel van Onderwys ontwerp is wat 'n oplossing vir dieselfde probleem as in Rhodesië is, naamlik die onderwys vir 'n minderheidsgroep. Hierdie Deputasie het klem daarop gelê dat die Afrikaner geen tweetaligheid in die land wou hê nie, maar slegs: (1) Dat 'n Afrikaanssprekende kind die geleentheid moet geniet om sy skoolkursus deur medium Afrikaans te begin. Die afvaardiging het aangetoon dat daar in sommige dele van Rhodesië die treurige verskynsel waargeneem is, dat baie Afrikaanse kinders nie hulle Bybel- en gesangversie vir Sondagskool kon leer nie, eenvoudig omdat hulle nie Afrikaans op skool geleer is nie. Hulle kon selfs nie die Sondagskoollesse voorberei nie omdat hulle nie in die Bybel in hul eie taal kon lees nie. En waar toe waarskynlik die belangrikste gebeurtenis in dié geskiedenis van die Afrikaner-volk plaasgevind het, naamlik die aankoms van die Bybel in hul eie taal, het die deputasie gevoel dat die kind dié Boek in sy eie taal moet kan lees, as hy nie verswelg wou word deur die see van barbarisme wat hom omring nie. Verder, kon die Afrikaanse kind, wanneer hy genoeg Engels ken, dan deur medium-Engels onderwys word.

(2) Dat 'n eksamen in Afrikaans as vak aan die einde van die jaar gehou moes word. Op enkele plekke het die onderwyser so'n toets op hom geneem, maar niks is van owerheidsweë gedoen om die eksamens verpligtend te maak of om die werk te inspekteer of te standaardiseer nie. Die kinders sou baie meer belangstel in die vak as hul weet dat daarin geëksamineer gaan word, en dit sou baie kinders wat na die universiteite van Suid-Afrika

gaan, ook meer selfvertroue gee. Daar is aangetoon dat dit nie nodig vir die Departement was om tweetalige Inspekteurs aan te stel nie, maar dat bekwame Afrikaanse onderwysers gevind kon word wat gewillig was om saam met die Inspekteurs rond te reis en verslag te lewer.

(3) Derdens, dat waar die meerderheid of 'n hele aantal van die kinders Afrikaanssprekend is, Afrikaans as vak outomaties ingevoer sou word en dat geen versoeke van die ouers eers moes kom nie. . . . In baie dele van die land was daar ouers wat, tensy hulle 'n leier gehad het om hulle aan te spoor, nooit hierdie versoeke sou doen nie, met die gevolg dat die kinders daar-<sup>1)</sup> onder moes ly.

Sowel die Minister as die Direkteur het die versoeke wat deur die afgevaardigdes aan hulle voorgelê is, baie gunstig oorweeg en het die krag van die argumente ten gunste van aanvangsonderwys deur medium van die moedertaal aangevoel. "It is agreed," was die antwoord van die Minister<sup>2)</sup> "that it is impossible to introduce immediately and in its full rigour a medium of instruction with which children are not familiar. It has therefore been the practice of the Education Department in classes consisting mainly or entirely of Afrikaans-speaking children, without knowledge of English, to allow teachers to use Afrikaans medium for making explanations in the language understood by the children. The Government approves of the practice and does not desire in any way to modify it so long as the teacher recognises the obligations to introduce the English medium as early as possible with a view to effective compliance with the requirements of the law - Education Ordinance No. 1 of 1903 order A. Section 9, which reads: the instruction during the ordinary school hours shall be given through the medium of the English language."

In verband met die inspeksie van Afrikaans

1) Notule: Ring van Bulawayo, 1934, 348.

2) Dept. of Colonial Secretary, 19.6.1933. (Salisbury)  
Ringsargief, Bulawayo.

is aangetoon dat dit 'n verpligting van die onderwyser is. "Teachers are expected to test the progress of their pupils in Afrikaans, as in other subjects, by examination." Verder wou die Direkteur of die Minister hulle nie laat bind nie, en het die erkenning van die deputasie dat die omstandighede van die land dit onmoontlik maak om 'n Inspekteur met 'n "expert knowledge of Afrikaans" aan te stel, gewaardeer.

Ten opsigte van die versoek dat Afrikaans as vak op sekere skole ingevoer moes word waar daar 'n groot gedeelte van die kinders Afrikaanssprekend was, het die owerheid nogtans gevoel dat ouers wat so 'n begeerte het, hul versoek self moes rig, en gemeen "that they should not expect the Government to provide the necessary facilities until suitable representation has been made."<sup>1)</sup> In die georganiseerde skole in stedelike gebiede het die aantal vakke in die leerplan nie toegelaat dat Afrikaans ingevoer kon word nie, behalwe wanneer dit as 'n altematief aan die begin van standerd IV kon verskyn. "In small country schools in which the great majority (often all) of the children are Afrikaans-speaking, the study of Afrikaans as a language has frequently been introduced at the beginning of school life, and the Government approves of its introduction elsewhere, wherever desired by the parents in schools of this type."<sup>2)</sup>

Omdat die getal onderwysers wat Afrikaans in die laerskole wou gebruik egter minder geword het, en dié wat kennis van Afrikaans gedra het, ook, omdat die toevloei van onderwyseresse uit Engeland nog steeds aangegroei het, was dit duidelik uit die antwoord van die owerheid dat daar geen verandering of verbetering met betrekking tot Afrikaans in die vooruitsig was nie: Wat die voertaal betref, moes die Engelsmedium Ordonnansie van 1903 gedurig voor oë gehou word; wat inspeksie betref, kon geen tweetalige Inspekteur aangestel word nie,

1) Ringsargief, 29.6.1933.

en aangaande die tyd en graad wanneer Afrikaans as vak ingevoer moes word, is die verantwoordelikheid die ouers opgelê om met 'n versoek te kom. Gesien die feit dat die Afrikaners 'n vyfde van die bevolking was en ruim 10,000 in getal, (die statistieke het aangetoon dat daar 52,000 mense in 1933 in die land was), dit wil sê 'n definitiewe minderheidsgroep, maar 'n groep wat groot genoeg was om in aanmerking geneem te word, dan was dit duidelik dat die Departement homself probeer beskerm het teen enige toegewing aan Afrikaners. Dit was in die werklikheid nie soseer die begeerte om te voldoen aan die wense van die immigrante uit Engeland wat miskien geen Afrikaans wou duld nie, en liefers die Franse taal op die skole wou sien, aangesien die nuwe immigrante juis meer objektief teenoor die Unie van Suid-Afrika gestaan het, en besef het dat die Afrikaanse taal onontbeerlik was vir 'n goeie verstandhouding tussen die twee lande. In ieder geval het die getal immigrante uit die Unie van Suid-Afrika vanaf 1915 dié uit Brittanje oortref, sodat die meerderheid wel met Afrikaans in aanraking gekom het voordat hulle nog na Rhodesië verhuis het. Van die gesamentlike aantal immigrante uit alle dele van die wêreld wat nie as "British" geklassifiseer is nie, het die Afrikaners 12 uit elke 20 getal, die orige 8 was afkomstig uit die verskillende rasse, meestal uit die vasteland van Europa. Die Afrikaanse immigrante het dus 'n soliede meerderheid gevorm teenoor enige ander volk of groepe van volke behalwe die Britte. Verder het dit geblyk dat behalwe die Anglikaanse Kerk die N.G.Kerk ook numeriek die sterkste was. In 1936 byvoorbeeld was daar byna 10 N.G.Kerklede teenoor 23 Anglikaanse, 6 Presbeteriaanse, 5 Metodiste, 4 Rooms-Katolieke en 2 Hebreeuse. Daarom dan ook het die Kerk reg gehad om aan te toon dat die eise ten opsigte van die skoollede van die N.G.Kerk nie op dieselfde basis beoordeel kan word as byvoorbeeld vir die Jode of Grieke, nie.

Die deputasie het dus weer op 'n misluk-

king uitgeloop op 'n stadium toe 'n sterk nuwe politieke party aan bewind van sake gekom het wat met die "moderne" opvoeding in Rhodesië 'n gulde geleentheid gehad het om ook, wat betref die onderwys van die Afrikaans "modern" te word.

2. POGINGS NA DIE "FOX-VERSLAG EN DIE "MODERNE" PERIODE. <sup>1)</sup>

Toe die "Fox"-kommissie onder meer aanbeveel het dat, in teenstelling met die Tate-kommissie se voorstel dat daar nouer samewerking tussen Rhodesië en die Unie van Suid-Afrika behoort te wees, alle betrekings op opvoedkundige gebied met die Unie verbreek moes word, het daar 'n regmatige vrees by die Afrikaanse bevolkingsdeel ontstaan dat die reedsverkreë regte ingekort sou word. 'n Suiwer Engelse skoolleind-eksamen van Cambridge waarin daar tot duster geen eksamen ooit in Afrikaans as vak geskryf was nie, sou die ou gevestigde matrikulasië-eksamen vervang. Verder sou die onderwyseresse wat 'n "working knowledge" van Afrikaans in die Bulawayo Opleidingskollege opgedoen het, nou ook nie meer die voorreg geniet nie, want daar is voorgestel (en bepaal) dat die Opleidingskollege sou sluit (1936) en dat alle aspirant-onderwysers(esse) met 'n lening en beurs van die Regering na een van die Engelse Opleidingsentrums sou gaan. Dit het beteken dat Afrikaanse ouers wat hul kinders by voorkeur na die Unie gestuur het, nie van die "hulp" sou gebruik maak om hul kinders as onderwysers op te lei nie. Ander wat dit nie kon bekostig om hul kinders na die Unie om verdere opleiding te stuur nie, sou sulke kinders eenvoudig 'm ander werk laat neem het. Ten einde derhalwe sekerheid te verkry oor wat die posisie van die Afrikaanse kind en van Afrikaans as vak was, het die Ring in 1937 weer 'n afvaardiging na die Minister <sup>2)</sup> gestuur, om te pleit dat "Afrikaans should at least retain the same position as it had been granted in the past," en dat meer gedoen moes word om die doeltreffende

1) Vgl. Hoofstuk 11.

2) Ringsargief: Ringsnotule 1937, 1938, 4.

inspeksie van Afrikaans te verseker. Die Minister was nie onbewus van die groeiende aantal kinders wat Afrikaans as vak bo Frans verkies het nie, en het besef dat daar voorsiening vir Afrikaans in die Cambridge-eksamen gemaak sou moes word. Sy antwoord was daarom ook geruststellend, dat daar naamlik geen "retrogression" maar slegs "progression" in die onderwysstelsel van die land sou wees. Hy het verder die versoeke insake die inspeksie van Afrikaans gunstig oorweeg en belowe dat 'n Inspekteur uit die Unie van Suid-Afrika sou kom om dit te verrig. Daar is weer belofte dat Afrikaans in sommige kindertuinklasse en vanaf standerd IV gegee sou word,<sup>1)</sup> waar die ouers daarom vra.

Vanaf 1937 is dan ook gepoog om Afrikaans te laat inspekteer deur 'n persoon uit die Unie (prof. J.J. Smith)<sup>2)</sup> en het die vak 'n lewendige deel van die leerplan van die middelbare skool gevorm. Die verbetering van die onderwys van die vak Afrikaans was nou slegs 'n kwessie van die bekwaamheid van die onderwyser. Afrikaans het "volle burgerreg" in die middelbare skoolleerplan geniet, en aangesien dit nie die beleid van die Departement was om die skoolvakke deur 'n gebrek aan die nodige geld in status te verlaag nie, kon 'n belangstellende Afrikaanse onderwyser - wat in die skole almal vakmanne is - baie doen om die prestige van die taal te laat styg. Vanaf 1940 is die Cambridge-eksamen geskryf en het die Departement voorsorg getref vir die opstelling van 'n behoorlike vraestel van Afrikaans.

So gewild het die vak aan die hoërskole geword dat Frans as tweede taal besig is om te verdwyn, en dat die Departement dit reeds moet oorweeg of dit lonend is om met die taal (Frans) aan sommige skole voort te gaan. In die "moderne" skole (middelbare) wat opgerig is, is geen Frans onderrig nie, en in die "moderne" afdelings van die akademiese skole neem<sup>3)</sup> 'n 100 persent

1) Ringsargief: Ringsnotule 1937, 1938. 49.

2) Vgl. Die Vaderland, 8.7.1937.

3) Vgl. Rapport: Full Inspectorate of High Schools, 1940, S.R. Education Department.

van die kinders wat 'n taal bestudeer, Afrikaans. Oock in 1947 byvoorbeeld het 336 leerlinge vir die Cambridge School Certificate Afrikaans as vak aangebied teenoor 120 wat Frans aangebied het; dit wil sê drie-kwart van die akademiese skoolbevolking verkies Afrikaans as vak <sup>1)</sup> bo Frans.

Die sukses van die vak op die middelbare skole het dus afgehang van die samewerking van die Afrikaanse onderwysers onderling.

Een belangrike mylpaal is derhalwe reeds bereik en die N.G.Kerk het hom nie geregverdig geag om hom verder met die aangeleentheid van dié vak op die genoemde skole te bemoei nie. As Afrikaans egter as vak op die middelbare skole vordering gemaak het, dan was net die teenoorgestelde <sup>2)</sup> die geval in die laerskole, en dit was juis die onderwys van die Afrikaanse kind in die laerskoolstadium wat die ouers en die kerk die meeste „hoofbrekens“ besorg het. Hulle het maar te goed besef „the elementary school is our basic school. What is done there conditions the lifelong outlook and learning of our citizens.“ <sup>3)</sup> In die eerste plek het die sluiting van die Opleidingskollege te Bulawayo beteken dat die waarborg van 'n „working knowledge“ of Afrikaans wat vanaf 1924 gegeld het, nie meer van krag was nie. Die Afrikaanse kind wat dus nog verduidelikings in sy moedertaal kon ontvang het, was na 1936 van die voorreg per implikasie verstoke. Op dié gebied het die moderne opvoeding dus agteruitgang in die opvoeding van die Afrikaanse kind beteken.

In die tweede plek het die reorganisasie teweeggebring dat die laerskole as outonome departemente ontwikkel het. Aan die hoofde en onderwysers(esse) van die skole is, soos aangetoon, <sup>4)</sup> absolute vryheid by die opstel van leerplanne gelaat. Dog in plaas daarvan dat

1) Education Department, 2209 1151 68.

2) Vgl. Notule: Ring van Bulawayo, ll, 49. Zambesi Ringsblad, Desember 1937.

3) N.E.A. Journal, May 1946, 218.

4) Hoofstuk 11.



van die gulde geleentheid gebruik gemaak is om in die geval van die opvoeding van die Afrikaanse kind werklik "vry", "modern" en wetenskaplik op te tree, daarin dat die Afrikaanse kind 'n opvoeding na sy eie aard kon geniet - dit wil sê minstens deur medium van sy moedertaal - , het nie alleen Engels die verpligte en enigste medium gebly nie, maar moes die leerplan met soveel "aktiwiteitsvakke" gevul word, dat daar vir die "tweede taal", vir die moedertaal van die Afrikaanse kinders, in skole selfs waar daar 80 - 100 persent van hulle is, gladnie plek was nie. Ook hier kon daar allermins dus sprake van vooruitgang wees.

Vir die Afrikaner was dit juis sy besondere grief veral aangesien op ander gebiede daar soveel vordering in sy geleedere was: Die ouers byvoorbeeld het hulle saamgesnoer in sulke vereniginge soos die V.S.B. (Vroue' Sendingbond), die R.C.V.V. (Rhodesiese Christelike Vroue Vereniging),<sup>1)</sup> A.K.U.R. (Afrikaanse Kultuur Unie van Rhodesië), met sy geaffilieerde kultuurvereniginge in al die dorpe, later in die Reddingsdaadbond-beweging en eindelik, in 'n gesaghebbende liggaam, "Die Genootskap van Afrikaners."<sup>2)</sup> Ook die jeug het, benewens in die spesifiek kerklike vereniginge, hul aktiwiteite<sup>3)</sup> uitgebrei en met die Voortrekkerbeweging begin (wat amptelik nie goedgekeur is nie), 'n Afrikaner Hulp-en-Vriendskap-Bond gestig, en eindelik hulself in 'n allesomvattende "Jeuglaer" verenig.<sup>4)</sup> Eg-Afrikaanse jukskei-spele vir die ouers en die volkspele vir die jongeres het verder daartoe gehelp om die eenheidsband en die selfvertroue by die Afrikaners aan te moedig. Hulle het, met ander woorde, 'n kultuurbewuste eenheid gevorm, (met 'n eie pers in 1948) en as sodanig 'n faktor wat die Rhodesiese owerhede nie langer kon ignoreer nie.

Dit was dan ook die natuurlike gevolg van hierdie groei in die Afrikaanse volksbewussyn, wat die

1) Ringsnotule: 1932. Notule R.C.V.V. 4.3.1937.

2) Vgl. Ringsnotule. April 1939, 1941, 1942.

3) Idem A pril 1939, Vgl. Heese: Ons Hou Koers, 96.

4) Zambesi Ringsblad Julie, Augustus 1947.

genoemde en ander Afrikaanse vereniginge genoop het om die stryd om 'n oplossing van die probleem van die ongesonde opvoeding van die Afrikaanse kind nie te staak nie. Die Ringsarmsorgkommissie byvoorbeeld het die vraagstuk van 'n toenemende aantal blanke armes bespreek, en erken dat die meeste van hulle Afrikaners was, wat in die lewenstryd uitgesak het omdat sommige welgestelde boere te veel grond gehad het en die kleineres nie met hulle kon meeding nie, maar veral omdat die kinders wat op vyftienjarige ouderdom die skool verlaat, glad nie opgevoed genoeg vir die werk was wat hulle onderneem het nie, en dit weer omdat die onderwyskursus nie genoeg aanpas by die kind nie.<sup>1)</sup> Ter oplossing het die kommissie aanbeveel dat die leerplan meer by die besondere behoefte van die Afrikaanse kind moes aanpas, en dat meer geleentheid vir werk geskep word. Aangesien die Matopos-Landbouskool ook weer verdwyn het, was daar vir die plattelandse seunmin kanse om homself vir sy werk te bekwaam. In dié verband het die Ring gevoel dat die skoolplaasstelsel van Transvaal 'n baie goeie voorbeeld vir Rhodesië was om na te volg.

Die hoogste kerklike liggaam, die Sinode, het intussen ook meer belang begin stel in die onderwys in Rhodesië. „Hoe meer ons bekend raak met die toestand in die gemeentes in Rhodesië, hoe meer kom ons onder die besef dat die Heer in sy wonderlike beskikking vir die Vrystaatse Kerk hier 'n geleentheid gegee het wat hom in staat stel om vir ons volk in daardie nuwe land, wat seker die land van die toekoms is, tot baie groot seën te wees. Dit is 'n land wat wemel van probleme wat die Kerk in die oë moet kyk en aandruf so deeglik as wat hy dit moontlik kan doen,“ het Armsorgverslag in 1937 ge-  
lul.<sup>2)</sup> Die opvoedkundige beleid is nie alleen on- maar ook anti-Afrikaans. In Suid-Rhodesië word daar tog 'n bietjie Afrikaans geduld, maar in Noord-Rhodesië is daar na baie soebat op hierdie gebied nog niks uitgevoer nie.

1) Ringsnotule 1936, April 1939. Vgl. Notule N.G.Kerk, Enkeldoorn, 1932.

2) Acta Synodi (O.V.S.) 1937. 180-182.

In die skole word voorkeur gegee aan Frans as tweede taal, en het sommige outoriteite dit ook uitgespreek dat hulle aan 'n naturelletaal voorkeur gee bo Afrikaans. Ons kinders moet dus opgroei sonder 'n behoorlike kennis van hul eie taal, wat ook tot resultaat het dat hulle van volk, kerk en tradisies losgeruk word." Om die gemeentes van Noord-Rhodesië te help in die stryd, is 'n oproep om fondse gedoen - veral met die oog op die bou van 'n koshuis te Lusaka - "anders gaan ons kinders daar vir volk en kerk verlore."<sup>1)</sup>

Ook die R.C.V.V. wat hom in die opvoeding van die kinders geïnteresseer het, het in 1941 weer die Departement genader en gepleit om Afrikaans as vak op skool vanaf standerd 1V, en die invoering daarvan as medium in alle skole tot by std. 11 waar minstens 80 persent van die kinders Afrikaanssprekend was, ook dat die kindertuinonderwyseresse 'n praktiese kennis van Afrikaans moes hê; dat Afrikaans deur 'n Afrikaanssprekende gedoseer moes word, dat die Afrikaanse kind die reg moes hê om op die speelterrein met sy maat Afrikaans te praat.<sup>2)</sup> Maar dit was duidelik dat die Departement 'n baie besliste houding aangeneem het ten opsigte van die onderwys in die laerskool en dat hy nie van plan was om toe te gee nie.

Dit het veral geblyk na die deputasies weer van Ringsweë in 1938 en in 1941 die regering gespreek het, en om moedertaalonderrig gevra het, "After full and careful consideration of the whole position, the Government has decided that no alteration should be made in the present system in regard to the teaching of Afrikaans in Schools,"<sup>3)</sup> was die Departement se verweër.

Terwyl daar dus op alle gebiede deur die Regering en die Departement vanaf 1899 gepoog is om die onderwysstelsel in Rhodesië op so'n hoë peil te bring dat dit met die beste stelsels in ander dele van die

1) Acta Synodi (O.V.S.): 1937, 180-182. Vgl. ook Ringsnotule 1936, 423.

2) Vgl. Notule: Ring van Bulawayo 1941, 391. Verslag R.C.V.V. 1941.

3) Ringsargief; 5.2.1942.

wêreld gunstig vergelyk, en geen geld gespaar het om die stelsel in alle opsigte so "modern" moontlik te maak nie, het die owerheid in gebreke gebly om een besondere probleem oor 'n periode van byna 'n halwe eeu op te los. Dit was naamlik om 'n gesonde wetenskaplike oplossing te vind vir die onderwys en veral die aanvangsonderwys van die toekomstige lidmaat van die N.G.Kerk.

### 3. SAMEVATTING EN SLOT.

Hierdie hoofstuk sluit die historiese oorsig van pogings wat die N.G.Kerk aangewend het om 'n gesonde onderwys vir sy dooplidmate in Rhodesië te verseker, af. Byna 'n kwart eeu lank na die kapitulasie van die C.N.O.-skole het die Kerk deur middel van sy Waaksaamheidskomitee, sy Opvoedings- en Jeugkommissies, Ringsverslae en deputasies die besondere behoeftes van die Afrikaanse kind op skool voor die aandag van publiek en Departement gebring. Deur hul ywer is eindelik in die middelbare skool Afrikaans as vak erken en geïnspekteer, om daar so sterk te ontwikkel, dat dit die erkende tweede taal, Frans, van sy troon gestoot het. Maar op die gebied van die laerskool waar die grootste skade aan die gees van die kind berokken is, het die owerheid konsekwent gewêder om toe te gee.

Inmiddels het die Afrikaanse gemeenskap 'n kultuurbewuste eenheid geword, vir wie dié besondere probleem al skerper omlynd geraak het. Die "Fox"-kommissie het verdere aanbevelinge gedoen wat die Departement ten koste van die belange van die Afrikaanse volk en kerk wou uitvoer en wel uitgevoer het, en wat daartoe aanleiding gegee het dat die Afrikaners as kultuurgroep hulle meer daadwerklik by die strewe van die N.G.Kerk gevoeg het om 'n volkseie opvoeding vir die Afrikaanse kind in Rhodesië te verseker.

In die volgende hoofstukke word dan die besondere aard en omvang van dié probleem, die reg waar-kragtens die kerk 'n oplossing vir die probleem eis, die voorgestelde oplossing en die toepassing en uitwerking daarvan geskets.